HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die Skolebeker-atletiekbyeenkoms het uitstekende uitslae opgelewer. Geluk aan elke atleet wat mooi presteer het. Ons is baie trots op ons Geesspan wat weer eens die geesbeker gewen het.

WOENSDAG 5 FEBRUARIE

Ons rig n vriendelike versoek aan ALLE ouers om ons te ondersteun op Woensdag 5 Februarie

18:00: BL Tussenverkiesing
19:00: Sportdag ouervergadering

AKADEMIE

Die akademie is nou volstoom aan die gang. Ouers word aangemoedig om leerders by te staan en te ondersteun.

ATLETIEKUITSLAE

Dogters	
1. Hoërskool Fichatdtpark	274
2. Hoërskool Voortrekker	218
3. Hoërskool Sentraal	133
4. Hoërskool Diamantveld	57
5. Hoërskool Landboudal	25
6. HTS Louis Botha	22
Seuns	
1. Hoërskool Voortrekker	209
2. Hoërskool Sentraal	206
3. Hoërskool Fichardtpark	204
4. Hoërskool Diamantveld	133
5. HTS Louis Botha	101
6. Hoërskool Landboudal	24
Algeheel	
1. Hoërskool Fichardtpark	478
2. Hoërskool Voortrekker	427
3. Hoërskool Sentraal	339
4. Hoërskool Diamantveld	190
5. HTS Louis Botha	123
6. Hoërskool Landboudal	49
Geesbeker	
1. Hoërskool Fichardtpark	475
2. Hoërskool Diamantveld	456
3. HTS Louis Botha	134

GR.8-KONSERT

Baie dankie aan almal wat betrokke by die gr. 8-konsert was: die personeel en senior leerders vir die afrigting, die ouers wat die leerders getrou by die oefeninge gekry het en dan, sekerlik die belangrikste, die gr.8-leerders. Die konsert was ’n groot sukses. Baie geluk aan die gr. 8-klas wat die beker vir die beste optrede gewen het.

BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING

Ons moedig alle ouers aan om die verkiesingsgeleentheid van drie nuwe beheerliggaam lede by te woon. Die nominasieproses is reeds aan die gang.
Datum: 5 Februarie
Tyd: 18:00

SONE ATLETIEKBYEENKOMS

Baie sterkte aan ons atlete wat gekwalifiseer het om Saterdag, 1 Februarie, aan die Sone atletiekbyeenkoms by die stadion deel te neem. Ons weet dit sal goed gaan.

KRIEKETUITSLAE

Geluk met die volgende mooi oorwinnings:

Tweede krieketspan vs. President Steyn se eerstespan

Fichies boul President Steyn uit vir 57 lopies

Fichies kry die wentelling in 4 boulbeurte

Fichies wen met 9 paaltjies

Eerste krieketspan vs. Diamantveld se eerstespan

Fichies boul Diamatveld uit vir 93 lopies

Fichies wen met 7 paaltjies

Sterkte met die semi-finale teen Grey se B-span, Maandag 3 Februarie.

O/15 B-krieketspan vs. Bloemfontein Hoër O/15A

Fichies kolf eerste en kry 140/4

Fichies wen met 74 lopies

FICHIE-GROETE